SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 15 JUNIE 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van Brian Franz, ZS6NX op Sondag, 25 Mei moet aankonding. Brain was vir baie jare 'n lid van die SARL. Aan sy eggenote Lil, hul dogter, ander familie en vriende betuig ons ons innige meegevoel.

POUSE

In die nuus vandag:

KENNISGEWING VAN SARL SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS EN NOMINASIES VIR RAADSLEDE LAASTE AANKONDIGING

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE SARL BHF/UHF-KOMPETISIE

HOE OM ERKENNING AAN U PRESTEERDERS TE VERLEEN EN MEER OOR SATELLIETE TE LEER

VLOOIMARK BEGIN AUGUSTUS IN PRETORIA

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

KENNISGEWING VAN SARL SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

Kennis word hiermee gegee dat in terme van Reël 12.3 van die Grondwet en Reëls van die SARL, 'n Spesiale Algemene Vergadering gehou sal word by die Nasionale AmateurRadioSentrum, SENTECH-gronde, Johannesburg op Saterdag 21 Junie 2003 beginnende om 09:00. Registrasie en voorlegging van volmagte sal reeds om 08:00 begin.

Die vergadering word belê in opdrag van die lede teenwoordig by die Algemene Jaarvergadering wat op 29 Maart 2003 in Bloemfontein gehou is waartydens die Raad se Konsep Begrotingsvoorstelle deur die meerderheid van die lede en volmagte verwerp is.

Die doel van die vergadering is die voortsetting van die AJV-besigheid om die Begrotingsvoorstel vir 2004 en die Ledegeldvoorstel vir 2004 te oorweeg. (Items 8.5, 8.6, en 8.7 van die AJV-agenda).

BELANGRIKE AANKONDIGING - TWEEDE SAV OP 21 JUNIE

'n Spesiale Algemene Vergadering is aangevra deur 30 lede vanuit Kaapstad in terme van Afdeling 8.2, 12.1, en 16.14.iv van die reëls van die SARL. In terme van die reëls van die SARL moet so 'n vergadering plaasvind ses weke na die ontvangs van so 'n versoek, wat 24 Junie 2003 sal wees. Aangesien die SAV wat ooreenkomstig die besluit van die jongste AJV vir 21 Junie belê is, is dit gepas dat die tweede SAV belê word om op dieselfde dag gehou te word. Dit is belê vir 11:00 maar dit sal in elk geval eers plaasvind na afloop van die eerste SAV sowel as 'n raadsvergadering waartydens 'n nuwe President, Vise President en Sekretaris verkies sal word.

Let asb daarop dat die volledige kennisgewings vir beide SAV's wat op 21 Junie gaan plaasvind op die webblad van die SARL nl www.sarl.org.za verskyn en daarvandaan afgelaai kan word.

NOMINASIES VIR RAADSLEDE

Daar is tans drie vakatures op die Raad weens die bedanking van die President en twee ander vakante poste. Volgens Reël 16.2 word nominasies ingewag van lede van die SARL om die vakatures te vul. Indien meer as drie nominasies ontvang word, sal 'n stemming gehou word.

Die vereiste kwalifikasies van genomineerdes, voorstellers en sekondante en die prosedure wat gevolg moet word is in vorige bulletins uiteengesit.

Die nominasies moet die Sekretaris nie later nie as die sluiting van besigheid teen 13:00 op Woensdag 18 Junie 2003 bereik. Die nominasies moet geadresseer word aan: Die Sekretaris, SARL en gepos word aan Posbus 1721 Strubensvallei, 1735 sowel as gefaks word aan 011 675 2793.

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE SARL BHF/UHF-KOMPETISIE

Die kompetisiekomitee het slegs 10 logstate ontvang vir die Maart 2003 been van die SARL BHF/UHF-Kompetisie. As daar geen kommentaar binne 14 dae ontvang word nie, sal hierdie voorlopige uitslae die finale uitslae word.

Vaste Stasie - Multi-Modus:

1ste ZS6HS 217 pte.

Vaste Stasie - FM:

1ste ZS6XT 357 pte; 2de ZR6RDU 228; 3de ZS5GMW 42.

Veldstasie - Multi-Modus:

1ste ZS6STN 6069; 2de ZS6MRK 5835; 3de ZS6EGB 1629; 4de ZS6WR 948; 5de ZS6SRC 685,5; 6de ZS4BFN 601,5.

SUID-AFRIKAANSE DEELNAME AAN WPX-KOMPETISIES

Vladimir Karamitrov, ZS6MG, het vanuit Mosambiek onder die spesiale roepsein C8A aan die WPX GG-wedstryd deelgeneem. Met 'n totale 1 426 kontakte het hy 'n puntetelling van 2,8 miljoen punte in die afdeling vir enkeloperateur, alle bande behaal.

ZS0M bedryf deur ZS6EGB, ZS6JR en ZS6MG het in die WPX ESB-kompetisie 2 900 kontakte in die multi-operateur, multi-band afdeling gemaak en 3,9 miljoen punte bymekaargemaak.

QSL's vir beide stasies moet aan ZS6MG gestuur word.

GEE ERKENNING AAN U PRESTEERDERS

Die Siemens Radioamateur-van-die Jaar Toekennings bied die geleentheid om erkenning te verleen aan die presteerders in u klub. Die toekennings word jaarliks gedoen deur die Suid-Afrikaanse RadioOntwikkelingstrust om erkenning te verleen aan innovasie in amateurradio en die bevordering van die diens. Daar is twee toekennings, een vir radioamateurs onder die ouderdom van 25 jaar gemik op die erkenning van jongmense wat amateurradio binne hulle groep bevorder en 'n toekenning vir radioamateurs ouer as 25 jaar wat innovasie in die ontwikkeling en bevordering van amateurradiotegnologie erken.

Volledige besonderhede is beskikbaar op die webblad van die SARL nl www.sarl.org.za. Nominasievorms kan ook bekom word deur 'n e-pos te stuur aan saardt@intekom.co.za of 'n faks aan 012 991 5651. Nominasies sluit op 4 Julie 2003. Die toekennings sal tydens 'n ontbytfunksie op 12 Augustus in Johannesburg toegeken word. Elke wenner sal 'n vlugkaartjie na Johannesburg kry om die toekenningsfunksie by te woon.

LEER MEER OOR SATELLIETE

Tydens SARL Integnet 2003 wat op Sondag 22 Junie, dit is volgende Sonadgaand, op die lug sal wees, sal Dave Long van SA AMSAT praat oor die "maklike satelliete" en hoe om met die minimum kapitaaluitleg aan die gang te kom. Daar sal geleentheid vir bespreking en vrae en antwoorde wees. Klubs kan versoek dat hulle herhalers aan die net gekoppel word deur e-pos te stuur aan armi@sarl.org.za. Noem asb die telefoonnommer wat aan die Telkom Telekonferensienetwerk gekoppel moet word sowel as besonderhede van die dekkingsgebied van die herhaler. Versoeke moet teen Vrydag 20 Junie ontvang word.

UITNODIGING OM BY 'N WERELDWYE RADIOAMATEURPROJEK AAN TE SLUIT

AMSAT-Italia reik 'n uitnodigimg uit aan alle radioamateurs om by hulle aaneenlopende wêreldwye radioamateurprojek oor die ionosphere, en spesifiek by

sy voorspelbaarheid vir ons radiokommunikasie betrokke te raak.

Die projek, genaamd "Ionosfera" word deur die Europese Ruimteagentskap (ERA) ondersteun binne sy raamwerk oor die Ruimteweer: 'n "nuwe" wetenskap met verskeie toepassings gefokus op die baie interaksies tussen die Son en Moeder Aarde.

AMSAT-Italia het onlangs die ERA se oproep om 'n reeks (gratis) internetgebaseerde dienste vir die radioamateurs daar te stel wat radiovoorplanting via die Ionosfeer behandel. Hulle nooi u uit om die webwerf van die Europese Ruimteagentskap (ERA) oor ruimteweer by www.estec.esa.nl/wmwww/wma/spweather/ te besoek en ook die een bladsy opsomming oor "Ionosfera" by www.estec.esa.nl/wmwww/wma/spweather/esa_initiatives/pilotproject/synopses. te lees.

AMSAT-Italia nooi radioamateurs om hulle te kontak met enige kommentaar, voorstelle, bydraes en/of verduidelikings oor die projek. Hulle sal ook graag van u wil hoor as jy alreeds 'n soortgelyke projek oor Ionosferiese radiovoorplanting en/of 'n ander radioamateurprojek gekoppel aan die Ruimteweer ontwerp of ontwikkel het. Ook sal hulle belangstel om 'n wêreldwye netwerk van gemotiveerde radioamateurs te stig of by hulle aan te sluit. Amateurs wat bereid is om hulle bevindings uit te ruil en te implimenteer in 'n gesamentlike projek. Die koordineerder van die projek is Florio, IW2NMB, en hy kan by iw2nmb@amsat.org gekontak word.

JEUGDAG OPVOEDKUNDIGE STASIES

Daar gaan twee stasies op Maandag 16 Junie in die Wesrand in werking wees.

Ons is in kennis gestel deur John, ZS6AN, dat hy en Johan Leslie, ZR6JJL, 'n stasie in 'n voorheen minder bevoorregte gebied in Soweto gaan bedryf. By die NARS in Radiokop sal daar ook 'n stasie in werking wees. 'n Uitnodiging is aan 'n aantal Hoërskole in die omgewing gerig om die stasie te kom besoek.

Die stasie, ZS6OF, sal bedryf word deur Francois, ZS6BUU, Graham ZS6GPM en Malcolm ZS6MAL.

Hulle sien daarna uit om Maandag baie kontakte te maak.

EIND-WINTERVLOOIMARK IN PRETORIA

Vlooimarkte is altyd ook gesellige sosiale byeenkomste en op versoek van vele gaan 'n vlooimark ter afwisseling onder die vleuel van die Magalies Radioamateurklub op Saterdag 2 Augustus op die terrein van hul klubhuis op die hoek van Breyer- en Millstrate te Waverley, Pretoria aangebied word.

Tafels kan gehuur word teen R15,00 elk en die reg van verkope vanuit die kattebak teen R5,00. Skakel asseblief vir Magda, ZS6MVW, by 012 386 4901 of Almero, ZR6RY, by 082 908 3359 om 'n tafel te bespreek.

Heerlike eet- en drinkgoed sal te koop aangebied word. Verkope begin om 09:00. Alle klubs en individue is welkom en ons sien uit daarna om julle daar te sien.

DATUMS OM TE ONTHOU

PEARS mikrogolf en Digitale kompetisie eindig om 18:00 vanaand; SARL kinderdag 16 Junie 09:00 tot 11:00; Nominasies vir Raadslede sluit op 18 Junie om 13:00; SARL SPESIALE ALGEMENE BEGROTINGSVERGADERING by die NARS op 21 Junie 09:00 en 'n tweede SAV na die Raadsvergadering daarna; Integnet op Sondagaand 22 Junie; Ope dag vir tuisbouers aan die Wesrand, Saterdag 28 Junie. Vlooimark in Pretoria op 2 Augustus.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees is deur ..... vanuit ..... as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX